



Oostelike Sinode van die NG Kerk

LAAT U RYK, HEER,
IN ONS, DEUR ONS,
ORAL KOM!



19 Julie 2022

FAMILIENUUS 420

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Goeiedag. Dis die begin van 'n nuwe kwartaal – en tradisioneel 'n baie besige kwartaal. Mag ons almal – te midde van al die aktiwiteite – ook genoeg maak van stilword, luister en gebed...

Seënwense vanuit die Sinodehuis!

GEMEENTES EN LERAARS

Marble Hall het **Ruan Janse van Rensburg** as leraar bevestig op 3 Julie.

Erik Immelman het op 30 Junie by **Midrand** emeritaat ontvang.

Ronel Coertzen het 'n beroep na Fouriesburg aangeneem en einde Junie by **Chrissiesmeer** vertrek.

Petri Coetzee van **Malelane** het 'n beroep ontvang na Albertinia.

Ons bid vir die gemeente **Rayton**: **Chris Lötter** se vrou, Sandra, ondergaan tans intensiewe behandeling. Die Gemeentebestuurder, **Ettienne Koekemoer**, het 'n baie groot terugslag in sy gesondheid gehad.

SINOOS SEËN RAMPFONDS

Hierdie foto's vertel die verhaal van die vreugde om te gee en die dankbaarheid waarmee dit ontvang word. Baie dankie aan almal wat tot hierdie fonds van Oostelike Sinode bygedra het. Ons het hande gevat met goeie vennote en maak 'n groot verskil in KwaZulu-Natal met kos, basiese lewensmiddele, Bybels en die nuwe verhoudinge met mense aan wie die liefde van Jesus Christus oorgedra kan word. Hierdie foto's vertel 'n klein stukkie van die verhaal: kospakkies, 'n bederfie vir moeë reddingswerkers...



SINODESITTING 1 – 3 AUGUSTUS 2022



Ons is met die laaste reëlings besig vir ons Sinodesitting.

Baie dankie vir die seënwense wat ons ontvang. Ons vra ook die **voorbidding** van ons gemeentes vir hierdie byeenkoms van die Oostelike Sinode-familie! Dankie!

Indien daar gemeentes is wat reeds weet dat die gemeente se afvaardiging verander het – en dus 'n **gewysigde geloofsbrief** moet indien – wil ons vra dat julle dit sommer nou al na ontvangs@sinoos.co.za sal stuur. Dit maak ons registrasie-proses baie makliker vir almal.

Die elektroniese weergawe van die **sakelys** is reeds aan gemeentes gestuur – maak asseblief seker dat afgevaardigdes dit vooraf ontvang. Die gedrukte kopieë word by die sitting aan afgevaardigdes gegee.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Lede van die Pensioenfonds (leraars en amptenare) moet deurentyd seker maak dat die nodige **benoemingsvorms** opgedateer is. Op die Retirement Fund Web (vra die personeellid wat hiermee werk in julle kantoor) is daar 'n skakel na die benoemingsvorms. In die geval van 'n sterfte is hierdie die eerste vorms wat Sanlam gaan aanvra – en dit maak die afhandeling van uitbetalings net baie makliker.

Op die RFW is daar ook 'n **Ledegids en verskeie Hulpdokumente** om personeel te begelei deur al die prosesse rakende pensioene.

Skakel gerus met Theo Smith (theo@pensioene.co.za) om 'n afspraak te reël met **Fanie van Vuuren van Graviton** oor jou persoonlike pensioensituasie. Graviton is deur die Pensioenfonds as die Voorkeur Diensverskaffer aangewys.

Ons herhaal die vorige skrywes oor die Pensioenfonds vir die dringende aandag van kerkkantore en leraars en amptenare:

1. Theo Smith skryf aan die Uitvoerende Amptenare van die Transvaal Sinodes: "Dit is nou presies 'n jaar gelede wat die **heffing op gemeentes en instellings ingestel is. U sal onthou dat hierdie besluit geneem was om die langtermyn funksionering van die Pensioenkantoor te befonds.**

Ons gee almal kans tot **einde Augustus** om die volle betalingstermyn deur te sien. Ons was immers laat om die bankbesonderhede deur te gee nadat die bank gesloer het met die opening van die rekening."

Die helfte van ons sinode se gemeentes het nog nie hierdie heffing begin betaal nie. Kom ons kry ook hierdie saak in plek in elke gemeente en instansie wat 'n werkgewer by die Pensioenfonds is. Die bedrag is **R100 per werkgewer** per maand. 'n Gemeente tel as een werkgewer ongeag van die aantal predikante en personeel. Dieselfde geld 'n CMR-kantoor of ouetehuis.

2. **Ons heg 'n [skrywe](#) aan wat vanaf die FSCA ontvang is in verband met die laat oorbetalings van pensioen wat by werknemers afgetrek is. Die brief is ernstig: daar is slegte gevolge vir 'n werkgewer wat nalatig is met die oorbetalings van geld wat by 'n werknemer afgetrek is.** Die reël is steeds dat die fondse in die bankrekening van Sanlam moet toon op die 7e van die volgende maand. Wees liewers veilig: betaal die geld oor op dieselfde dag as wat dit afgetrek word by die werknemer. Op hierdie wyse begin die geld dadelik "werk" tot voordeel van die werknemer.
3. **'n Stukkie goeie nuus vir leraars wat op 1 Oktober 2013 lid van die Predikante Pensioenfonds was:** daar word 'n bedrag aan elke leraar oorbetaal as agterskot nadat al die kostes van die vorige pensioenfonds betaal is en baie komplekse berekenings gedoen is. Theo Smith se skrywe word [hier](#) aangeheg. Die skrywe is ook per e-pos na leraars gestuur.

CMR

Tiener-[depressie](#) is 'n wrede realiteit.

CENTURION RUSOORD HOU WINTERMARK

Hierdie Rusoord funksioneer onder CMR Gauteng-Oos en benodig bestanddele vir al die lekker eetgoed wat op 'n **Wintermark** moet wees:

40 liter langlewe melk, 20kg rys, 300 eiers, 25kg koekmeel, 15kg suiker, 5kg blatjang, tamatie en uiesmoor (grootmaat blikke), 6 x 500g Rama, 2kg kaneel en 5kg gouda/cheddar kaas. Dit kan by Rusoord Centurion afgelewer word, 85 Potgieterstraat, Lyttelton teen Maandag 25 Julie.

Die Wintermark se [plakkaat](#) word hier aangeheg. Iemand moet al hierdie bestanddele opeet – gaan kuier gerus daar!

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za.

Daar is reeds inligting beskikbaar oor van die sprekers wat by die **Lentekonferensie** gaan optree tydens die [oggendsessies](#) en die [middagsessies](#).

BybelMedia het 'n groot [uitverkoop](#): van Bennie Boekwurm tot by Dana Snyman...

Die **Hugenotekollege** gee [inligting](#) oor die kursusse wat hulle aanbied.

Die Universiteit van Pretoria bied 'n [kursus](#) vir beraders aan oor **Crisis and Trauma Support**.

MOSAMBIEK

Oostelike Sinode het 'n lang verhouding met die Igreja Reformada em Moçambique, ons susterskerk in Mosambiek. Dit is 'n kerk wat dikwels onder baie moeilike omstandighede funksioneer: dink aan die siklone, oorlog en armoede wat deel van daardie land se realiteite is. Terselfdertyd is daar 'n kerk wat leraars oplei by Hefsiba, die Evangelie van Jesus Christus verkondig en lidmate ondersteun op 'n wyse wat eintlik aangrypend is. Vir baie jare was Carl Louwrens van Krugerwildtuin-gemeente Oostelike Sinode se verteenwoordiger by die IRM. Hy het wonderlike verhoudinge opgebou met die leraars, met kerkleiers en gemeentes. Carl het onlangs ge-emiteer. Baie dankie, Carl, vir die passie wat jy vir die gelowiges in Mosambiek het. Ons eer die Here vir die voetspore wat jy daar gelaat het.

Victor Cloete, Diensleraar by Moreletapark, is ook reeds vir jare op verskeie maniere in Mosambiek betrokke. Hy – en die gemeente – het ingewillig om dáár namens Oostelike Sinode betrokke te wees. Baie dankie, Victor! Gemeentes wat besig is met uitreike in Mosambiek of navrae hieroor het kan met Victor by die Moreletapark-gemeente (012 997 8000) skakel. Tersia in die Sinodehuis is besig om 'n Zoom-vergadering vir 19 September te belê van almal wat in Mosambiek betrokke is – kontak haar by ontvangs@sinoos.co.za en skakel in.

UIT ONS SINODEHUIS

Ons het die inligting wat in **Jaarboek 2023** geplaas word aan gemeentes gestuur om die besonderhede daarvan na te gaan en te korrigeer waar nodig. Doen dit asseblief dadelik – ons sperdatum kom nader... Stuur dit na Elna by argief@sinoos.co.za.

Ringe wat in diekomende weke vergader, moet asseblief hulle getekende sakelys en notule aan argief@sinoos.co.za stuur vir veilige bewaring. Gee ook vir ons die name van die Ringsdiensraad vir die volgende termyn.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za.

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.



VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 9 Augustus Julie verjaar.

PREDIKANTE

20 Julie - Cornelis Oberholster, Pierre van Ryneveld
20 Julie - Francois Schwalb, Laeveld
24 Julie - Danie Veldsman, Dosent UP
26 Julie - Anton Badenhorst, Pretoria-Oosterlig
28 Julie - Yolandé Giliomee, Skuilkrans
1 Augustus - Johan Burger, Ohrigstad
4 Augustus - Chris Swart, Doornkloof
5 Augustus - Uli Trümpelmann, Sabie
6 Augustus - Alphonso Groenewald, Dosent UP
6 Augustus - Dirk Human, Dosent UP
8 Augustus - Colin Smith, kerksondermure
8 Augustus - JI De Wet, Pretoria-Oosterlig

EMERITI

30 Julie - Henry van der Schyff, Oostelike Sinode 2016
30 Julie - Neels van Zyl, Olifantsfontein 2011
3 Augustus - Neels Müller, Pretoria-Oosterlig 2021
3 Augustus - Steph Combrinck, Lyttelton 2005
4 Augustus - Christie Smit, Lydenburg 2021

GEMEENTES

24 Julie - Badplaas (49)
25 Julie - Debruinpark-Ermelo (49)
29 Julie - Moreletapark (37)
3 Augustus - Witbank-Vallei (42)
4 Augustus - Ermelo-Oos (66)
7 Augustus - Voetspore Gemeenskapskerk (Lyttelton-Oos) (64)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za



NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIK [HIER](#).

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is. Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful. Please immediately contact the sender if you have received this message in error.